




# SIYATHEMBA MYNuusblad

## Vereer ons gemeenskaps deelname doelwitte

**Orion is trots daarop om 54% plaaslike gemeenskap indiensneming te behaal het en dat 18,5% van sy sub-kontrakteurs werk toegeken het aan besighede binne die gemeenskap.**

Soos met die gemeenskap ooreengekom en volgens ons gemeenskaps deelname raamwerk, beoog ons om te verseker dat lede van die plaaslike gemeenskap ten minste 50% van die myn se werknemers uitmaak, dat 30% van wat ons aankoop na die plaaslike gemeenskap gaan en dat 40% van die subkontrakteurs geleenthede ook na besighede in die gemeenskap gaan.

Uit die 173 werknemers en kontrakteurs wat teen die einde van Maart 2024 op die myn was, is ‘n totaal van 94 gemeenskapslede van Prieska, Marydale, Niekerkshoop en Copperton werksaam.

In die eerste drie maande van die jaar is 18,5% van die myn se goedere, dienste en subkontrakteurs geleenthede toegeken aan plaaslike verskaffers wat óf in die gemeenskap gevestig was, mense van die gemeenskap in diens geneem het óf in die Noord Kaap gevestig was.

Van hierdie kontrakte is 78% toegeken aan besighede wat óf gebaseer is in, óf werkers in diens neem van die gasheer gemeenskappe van Siyathemba en Vanwyksvlei terwyl 22% van die besighede elders in die Noord-Kaap geleë was.

Ons gaan ook voort om plaaslike ondernemings te identifiseer sodat ons aankope en dienste uitgawes in die gemeenskap kan verhoog. Tot dusver is 154 van die maatskappye in die gemeenskap wat op die Orion-verskaffer databasis geregistreer het, nagegaan en is die myn tans besig om die resultate te evalueer.

# Orion stel 'n nuwe werwings platform bekend

**Orion het sy loopbaan portaal opgegradeer om 'n nuwe werwings platform te inkorporeer. Hierdie nuwe platform gebruik tegnologie om die werwings proses te vereenvoudig en te verbeter, en maak dit vir u makliker om aansoek te doen vir vakatures via die Orion-webwerf.**

Namate ons van 'n eksplorasie maatskappy na 'n metaal produksie maatskappy ontwikkel, moet ons meer gesofistikeerde prosesse gebruik wat ook die werwings proses in sluit.

Toenemende druk om die regte kandidate vir vakante poste so vinnig as moontlik te vind, beteken dit dat ons 'n proses benodig wat die invordering van aansoeke en CV's doeltreffend maak. Ons het ook 'n proses nodig wat toeganklik is vir alle lede van die gemeenskappe wat in die dorpe woon wat aan ons myne grens.

Deel van ons werwings proses behels om te bepaal of daar in die gemeenskap kandidate is wat oor die regte kwalifikasies en ondervinding beskik om vakante poste te vul. Werwing van gemeenskaps kandidate bly 'n prioriteit vir Orion, wat daartoe verbind is om ons doelwit van 50% gemeenskap indiensneming by ons myne te bereik.

## Nuwe CV-indienings proses

**Die bekendstelling van ons nuwe werwings platform sal dit makliker maak om kwalifiserende gemeenskap kandidate te vind. Dit sal ook die CV-indiening en werk aansoek proses vereenvoudig.**

**Onthou jy kan dieselfde proses gebruik om:**

- Jou CV te stuur as 'n algemene CV indiening
- Aansoek te doen vir 'n geadverteerde pos
- Jou kontak besonderhede en CV op te dateer




**1**

Besoek die Orion Minerals-webwerf by: **https://www.orionminerals.com.au/**





**2**

Kies die opsie om **jou CV in te dien** onder Loopbane by: **https://orionminerals.simplify.hr/Vacancy/82470**





**3**

Klik op **doen aansoek**





**4**

Maak seker jy het jou **e-pos adres**




5

Voltooi **alle vrae en velde wat aangedui word**





6

Laai 'n **PDF-weergawe van jou CV op**




7

En kies **Dien aansoek in**




8

Jou CV is ingedien op die databasis en jy sal **'n bevestigings-e-pos ontvang om die indiening te bevestig.**

## Om u CV in te dien, benodig u:

- ’n epos adres
- Jou kontak nommers en inligting
- Jou CV

# Drie maniere om ‘n gratis e-pos adres te skep

### Skep ’n Gmail-rekening

1. Gaan na die Google-rekening aanteken bladsy by https://accounts.google.com/
2. Klik op **Skep rekening**
3. Volg die stappe op die skerm om u rekening op te stel
4. Gebruik die rekening wat jy geskep het om by Gmail aan te teken

### Skep ’n nuwe e-pos rekening met Yahoo!

1. Maak u internet blaaier oop en navigeer na die Yahoo! E-pos webwerf by www.mail.yahoo.com
2. Klik op **Skep ’n nuwe rekening**
3. Vul u persoonlike besonderhede in en skep ’n wagwoord
4. Teken aan op jou nuwe Yahoo Mail-rekening

### Skep ’n Microsoft-rekening in Outlook

1. Gaan na die Microsoft Outlook-webwerf by https://www.microsoft.com/en-us/microsoft-365/outlook/email-and-calendar-software-microsoft-outlook-b?rtc=1
2. Klik op **Skep gratis rekening**
3. Kies ’n gebruikersnaam (u kan u volle naam of u naam en van gebruik). As u gebruikersnaam reeds geneem is, sal u gevra word om ’n ander een te kies
4. Kies ’n wagwoord
5. Vul jou persoonlike besonderhede in soos gevra
6. Teken aan by jou Microsoft Outlook rekening

# WAT MOET OP 'N CV WEES?




- **Persoonlike biografiese inligting -** u volle naam, geslag, huis adres of huidige ligging, tale, nasionaliteit, ens.
- **U kontak inligting -** telefoon- of selfoonnommer en 'n e-pos adres
- **'n Lys van al jou kwalifikasies -** insluitend matriek, diplomas, grade en sertifikate
- **Volledige werk of loopbaan** geskiedenis wat aandui vir watter maatskappye jy gewerk het, wat jou pos titel was, hoe lank jy daar gewerk het, en watter sleutel verantwoordelikhede jy uitgevoer het
- 'n Lys van werkverwante verwysings asook hul kontak besonderhede
- Dit is belangrik om jou CV as 'n PDF te stoor

CrystalCLake,CILC6001: | 555-555-5555 | example@example.com

MASON LIFTON

**PROFESSIONAL SUMMARY**

MiningCengineerCexperiencedCinCprovidingCthoroughCandCcalculatedCriskCandCcostCassess
CollaboratedCwithCgeologistsCandCseasonedCminersCwhenCbuildingCminesCtoCachieveCeff
constructionCofCmines.CLedCandCsupervisedCtrainingCofCnewCpersonnelConCspecializedC
softwareCsuchCasCMineSight,CminingCequipmentCandCsafetyCprocedu

**SKILLS**

- SafetyCpresentations
- MineCplanningCsoftware
- DrillCpatternCdesign
- ProjectCoversight
- Organization
- BlastCpatternCdesign
- Communication
- Teamwork

**WORKPHISTORY**

**MINING ENGINEER** 07/2019CtoCcurrent
**Mechdyne|Corporation**, ChicagoCHeights, IL

- WorkCcloselyCwithCsiteCmanagers,CmineCsupervisorsCandCmineCoperationsCpersonnelCtoCd long-CandCshort-termCschedulesCforC10Cprojec
- RegularlyCevaluateCstrippingCprogramsCandCoptionsCforCmineCdevelopm
- PerformedCthoroughCriskCassessmentsConClong-termCandCshort-termCmineCplansCandCde

**APPRENTICE MINING ENGINEER** 03/2016CtoC02/2019
**Jade Global|Inc**, Chadwick, IL

- ExperiencedCinCtheCdesignCofChighCwalls,CwasteCdisposalCfacilities,CroadsCandCrampsCandC slopes.
- LeadCandCtrainCaCteamCofC100CpersonnelConCsafetyCstandardsCandCbestCpr
- MetCregularlyCwithCseniorCengineers,CsiteCmanagers,CmineCsupervisorsCandCmineCoper personnelCtoCdevelopClong-CandCshort-termCschedul

**MECHANICAL|TECHNICIAN** 03/2012CtoC01/2015
**Acera|Surgical|Inc**, Krakow, MI

- ReportedConCtheCresultsCofCstrippingCprogramCevaluatic
- AssistedCinCtheCdevelopmentCofC50%CofCwrittenCsafetyCstandardsCmate
- FrequentlyCdiagnosedCmechanicalCproblemsCandCdeterminedChowCtoCcorrectCis

**EDUCATION**

**Illinois Institute|of|Technology** Chicago, IL
**Master|of|Science**, EngineeringCManagement

**Illinois Institute|of|Technology** Chicago, IL
**Bachelor|of|Science**, Engineering
MinorC-CGeotechnicalCEngineering

**LICENSES**

- ProfessionalCEngineerC(PE)ClicensureC-C(UpdatedC20

# GEREELDE VRAE EN ANTWOORDE

**1. Kan ek vanaf enige blaaier en op enige toestel toegang tot die nuwe werwings portaal kry?**

Ja, solank jy toegang tot die internet het.

**2. Sal Orion steeds vakatures op sosiale media plaas?**

Ja, ons sal steeds beskikbare poste op al ons sosiale media-platforms plaas.

**3. Ek het reeds my besonderhede en CV by Orion ingedien. Moet ek my inligting weer indien?**

Ons moedig jou aan om jou CV weer in te dien as jy dit nie op die nuwe werwing stelsel ingedien het nie. Dit sal verseker dat ons al jou korrekte inligting en kontak besonderhede op ons opgedateerde CV-databasis het.

**4. Gaan Orion steeds sy vorige CV-databasis vir potensiële aansoekers gebruik?**

Ja, maar net vir ‘n beperkte tyd. Daar sal ’n oorgangs tydperk van drie maande wees waar ons beide die ou en nuwe data basisse sal gebruik. Die oorgangstydperk strek van 1 April tot 31 Julie 2024.

**5. Wat gebeur ná die oorgangstydperk?**

Nadat die oorgangstydperk verby is, sal ons vasstel of daar nog mense op die ou databasis is wat nie hul nuwe CV’s verskaf het nie. Ons sal probeer om hulle te kontak vir ‘n nuwe CV en dan insluit op die nuwe databasis. As ons hulle nie kan bereik nie, sal ons aanvaar dat hul besonderhede wel verander het en ons sal die ou CV en besonderhede in die argief laai.

**6. Moet aansoekers wat in ’n geadverteerde pos belangstel, hul belangstelling met die nuwe stelsel registreer, selfs al het hulle hul besonderhede en/of ’n CV voorheen aan Orion gestuur?**

Ja, ons moedig diegene wat in geadverteerde poste belangstel aan om altyd aansoek te doen vir vakatures waarin hulle belangstel, selfs al het hulle op die CV-databasis geregistreer. Dit sal verseker dat Orion bewus is van die persoon se belangstelling en hul CV kan evalueer in die konteks van die vakature wat geadverteer word.

**7. Gaan Orion steeds sy CV-databasisse gebruik om lede van die gemeenskap vir opleiding te identifiseer?**

Nee, ’n nuwe opleidings registrasie proses is via ons webwerf bekendgestel. Lede van die gemeenskap word uitgenooi om hul belangstelling in deelname aan Orion se myn spesifieke opleiding- en ontwikkelings geleenthede te registreer.

Hierdie nuwe opleidings registrasie proses sal jou toelaat om die tipe kwalifikasies en velde waarin jy belangstel aan te dui en sal Orion help om kandidate akkuraat te pas by waarskynlike toekomstige geleenthede. Die registrasieproses sal oop wees vir ’n tydperk van drie maande.

**8. Is die recruitment@orionminerals.com.au e-pos adres steeds in gebruik en kan gemeenskapslede steeds hul besonderhede en/of CV’s stuur deur hierdie adres te gebruik?**

Nee, dié werwing-e-posadres word nie meer gebruik nie. Aansoeke en CV’s word nou slegs aanvaar wanneer dit deur die nuwe werwings proses op Orion se webwerf ingedien word.

**9. Hoe kyk ek of Orion my CV of aansoek ontvang het?**

Dit is nie nodig om Orion te kontak om navraag te doen oor die status van jou CV of aansoek indiening nie.

Sodra jy jou CV of aansoek ingedien het, sal ’n bevestigings-e-pos aan jou gestuur word, wat jou laat weet dat jou indiening suksesvol was.

Aansoeke vir vakante poste sal geëvalueer word en terugvoer sal aan kandidate verskaf word sodra hul aansoek geëvalueer is. Diegene wat nie aan die kriteria voldoen nie, sal ook kennisgewing daaroor ontvang.

Ons herinner u daaraan dat indien u nie binne vier weke na ’n pos se sluitingsdatum van ons gehoor het nie, u moet aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.



# NUWE OPLEIDING EN ONTWIKKELINGS GELEENTHEDE

**Orion het 'n nuwe opleidings registrasie proses van stapel gestuur. Lede van die gemeenskap word uitgenooi om hul belangstelling in die deelname aan Orion se myn spesifieke opleiding en ontwikkelings geleenthede via ons webwerf te registreer.**

## PRIESKA COPPER ZINC MINE - OPLEIDING EN ONTWIKKELING GELEENTHEDE

Orion Minerals



PCZM sal verskeie opleidings- en ontwikkelings inisiatiewe vir gemeenskapslede implementeer in ooreenstemming met ons Sosiale en Arbeids Plan vir Menslike Hulpbron ontwikkeling verpligtinge.

Om te registreer, besoek asseblief ons webwerf by *https://orionminerals.simplify.hr/vacancy/kuybib* of skandeer die QR-kode.

## NEW OKIEP MINING COMPANY - OPLEIDING EN ONTWIKKELING GELEENTHEDE

Orion Minerals



New Okiep Mining Company (NOM) sal verskeie opleidings- en ontwikkelings inisiatiewe vir gemeenskapslede implementeer in ooreenstemming met ons Sosiale en Arbeids Plan vir Menslike Hulpbron ontwikkeling verpligtinge.

Om te registreer, besoek asseblief ons webwerf by *https://orionminerals.simplify.hr/vacancy/waxemi* of skandeer die QR-kode.

**Neem asseblief kennis dat indiening van 'n aansoek deur enige van hierdie portale nie deelname aan die opleiding- en ontwikkelingsinisiatiewe waarborg nie.**